**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BEELDHOUKUNS SG**
**(Oop Eksamen)**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**PUNTE: 300**

---

**Hierdie vraestel moet op 16 Mei 2005 oopgemaak word.**

---

Die eksamen bestaan uit EEN vraestel: Die Praktiese Oop Vraestel.

Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele:

- die Werkboek (navorsing, voorbereidende tekeninge, makette en 1 x A2 in situ-tekening(e)) en
- die Finale Praktiese Werk(e).

DAAR IS GEEN TEORIE-EKSAMENVRAESTEL NIE.

Algemene instruksies verskyn in DIE INSTRUKSIES VIR DIE PRAKTIESE OOP EKSAMEN VIR BEELDHOUKUNS SG 605-2/1 Oop 2000.

**ALGEMENE INLIGTING : OOP EKSAMEN**

- Die voltooide Werkboeke (Jaarwerk-boek en Eksamenwerk-boek), Jaarwerk(e) en die Finale werk(e) moet op **16 September 2005** om **12:00** by die eksamenkommissaris ingelewer word. Individuele skole mag 'n vroeër inleweringsdatum vasstel om by hulle eie interne beplanning in te pas.

- Inligting oor hoe die eksamen benader moet word, verskyn in Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir Beeldhoukuns SG 605-2/1 Oop 2000.

- JAARWERK-VEREISTES: Elke kategorie vir Beeldhoukuns bespreek die bepaalde vereistes vir die jaarboek. Hierdie vereistes word vervat in Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir Beeldhoukuns SG 605-2/1 Oop 2000.

**LW :** Die vereistes vir die jaarwerk is verpligtend en slegs daardie kandidate wat in staat is om aan hierdie vereistes te voldoen, mag vir die eksamen in hierdie vak inskryf.

Kandidate wat geen jaarwerk-navorsing (A3-werkboek), voorbereidende tekeninge, makette en 1 x A2 in situ-jaarwerktekening(e) en TWEE praktiese jaarwerke kan inlewer nie, sal geen punte vir hierdie gedeelte van die eksamen ontvang nie.

---

## ITEMS WAT INGELEWER MOET WORD

Handig asseblief die volgende items in om die 2005-eksamen suksesvol af te lê:

| | |
|---|---|
| JAARWERK<br>'n A3-grootte jaarwerk-boek wat gedurende die loop van die huidige jaar voltooi moet word.<br>EEN in situ-A2-grootte tekening. | <br><br>(25)<br>(25) |
| JAARWERK-BEELD(E) uitgestal by 'n lokaal soos vasgestel deur die GDO.<br>(Etiketteer die jaarwerk en heg jou eksamennommer aan die beeld(e)).<br>Makette moet by die jaarwerk ingesluit word.<br>**SUB-TOTAAL:** | <br><br>(100)<br>**(150)** |
| EKSAMENWERK<br>'n A3-grootte eksamenwerk-boek: Navorsing -15; Ondersoek - 5<br>Makette/voorbereidende sketse (werkmodelle van die finale eksamenwerk) -20<br>EEN in situ-A2-grootte tekening -10 | <br>(20)<br><br>(30) |
| EKSAMEN 3-DIMENSIONELE WERK(E) uitgestal, tesame met die jaarwerk-beelde (dui duidelik aan watter stukke jaarwerke en watter eksamenwerke is en heg jou eksamennommer aan die beeld(e)). Alle beeldhouwerke moet op ? **voetstuk** uitgestal word.<br>**SUB-TOTAAL:** | (100)<br>**(150)** |
| **TOTAAL:** | **300** |

## WERKBOEKUITLEG EN -INHOUD

Die uitleg van die werkboek vir die 2005-eksamen moet soos volg wees:

| | Bladsy |
|---|---|
| Inhoudsopgawe | 1 |
| Rasionaal | 2 |
| Navorsing oor werke van een kunstenaar | 3 |
| Entrepreneursondersoek | 4 |
| Voorbereidingswerk | 5 |
| Voorbereidingswerk | 6 |
| Voorbereidingswerk | 7 |
| In situ-A2-grootte tekening | 8 |

**INHOUDSOPGAWE**
Hierdie bladsy moet 'n samevatting wees van al die inligting wat in die werkboek ingesluit is.

**RASIONAAL**
Die rasionaal behoort jou interpretasie van die tema in nie meer as 50 woorde nie weer te gee. As jy Marionette as dissipline kies, moet die rasionaal 'n opsomming van die storie wees waarvoor jy die karakter geskep het.

**NAVORSING** (15 punte)
Toon jou begrip van kuns en kultuurvorme deur die werk van EEN Suid-Afrikaanse Tradisionele beeldhouer/ Innoverende 3-Dimensionele beeldhouer te bestudeer. (Dit mag installasie of vertoonkuns insluit.)

Gebruik die volgende onderafdelings om jou werk te beplan:

- Naam van kunstenaar of groep
- Tipe kunswerk
- Tydperk / Periode / Beweging waarin die kunstenaar werk
- Onderwerpe
- Materiale en metodes wat gebruik is in hulle kunswerke
- Titels en 'n kort beskrywing van die kunswerke

**ENTREPRENEURSONDERSOEK** (5 punte)

Beplan 'n voorlegging wat bv. op 'n maksimum van twee A4-grootte velle papier sal pas. Toon hoe jy inligting betreffende die markwaarde van jou eie 3-Dimensionele werk sal verkry, prosesseer en verwerk.

- Bespreek hoe jou kunswerk tot die ekonomiese groei, rekonstruksie en ontwikkeling van jou omgewing sal bydra.
- Bekyk die entrepreneursvaardighede wat jy sal moet verwerf om hierdie kunswerk te kan bemark.
- Stel ondersoek in na die ekonomiese lewensvatbaarheid van jou produk op die Suid-Afrikaanse en internasionale markte.
- Watter teikengroep beplan jy om te betrek?
- Watter finansiële bystand beplan jy om te verkry?
- Hoe sal jy te werk gaan om 'n uitstallingslokaal te bekom?
- Wat is die koste verbonde aan die produk?

**VOORBEREIDENDE WERK** (10 punte)

Hierdie afdeling van jou werkboek behoort jou interpretasie van die tema uit te beeld:

- Sluit klein sketse en tekeninge van jou idees in wat tot jou finale produk sal bydra.
- Neem foto's / maak sketse van die prosesse wat jy gebruik het, asook die fases van ontwikkeling van jou kunswerk. Annoteer hierdie sketse.
- Verduidelik watter metodes en materiale gebruik is om jou kunswerk te skep.
- Maak 'n lys van die materiale wat jy gebruik het om jou kunswerk te skep.

**MAKETTE** (10 punte)

- Voorbereidende werk **moet** 'n reeks van makette vir jou finale werk(e) insluit.

**IN SITU-TEKENING** (10 punte)

Skep 'n tekening waarin jou kunswerk in 'n spesifieke plek, onder spesifieke toestande (lig, binne, buite, ens.), geplaas word.

Die tekening mag **nie** KLEINER as A2-grootte wees nie, maar moet dié formaat vul. Die tekening moet **monochromaties** wees. Kriteria vir hierdie tekening sluit die volgende in:

- Die uitleg en plasing van die kunswerk
- Die skepping van tonale waardes (lig en donker)
- Die uitbeelding van volume in die kunswerk, asook die omgewing waarin dit geplaas gaan word

**TEMA: INTIEME HERINNERINGS**

## INTERPRETASIE VAN DIE TEMA

- Gebruik een of meer van die volgende idees as ? uitkomste om jou standpunt oor **"intieme herinnerings"** as tema te verken.
- Die interpretasie van hierdie tema is oop vir baie moontlikhede, gebruik dit tot jou voordeel.
- Die kandidaat mag **"intieme herinnerings"** op enige manier uitbeeld.
- Volgens die Oxford woordeboek kan **"intieme herinnerings"** onderverdeel word in twee gedagtes:

  **Intiem(e) [bnw]** privaat en persoonlik, breedvoerig en verwerf deur indringende navorsing of ondervinding.
  **Herinnerings [snw]** ervarings / herinneringe aan (jou) jeug (jeugjare); aangename herinneringe, wat met genot (plesier) onthou word.
  Probeer om **persoonlike** ervarings / herinneringe in jou kunsskeppingsproses te gebruik.

Jan van der Merwe, ? Suid-Afrikaanse kunstenaar het gesê: "Oor die afgelope paar jaar het ek kunswerke geproduseer (voortgebring, vervaardig) waarin ek optelgoed, beelde, weggooigoed, geërfde materiaal en gekoopte artikels gebruik het. Die begeerte (wil) om met hierdie materiale en hul vorme en teksture te werk, gepaard met die beelde en herinneringe wat hulle opgeroep het, dien as die beginpunt (oorsprong) van die kunskeppingsproses."

Maak nou ? kunswerk in jou gekose dissipline om dié tema op ? oorspronklike wyse uit te beeld. Maak seker dat jy intensiewe navorsing oor die tema doen, voordat jy jou kunswerk beplan.
**Die tema mag ? konseptuele of perseptuele benadering hê.**

**DIT IS DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE KANDIDAAT, ONDER LEIDING VAN DIE KUNSOPVOEDER, OM SY/HAAR UITSTALLING VIR EVALUERINGSDOELEINDES OP TE RIG EN TE VERWYDER.**

Skole word versoek om plek in te ruim vir die uitstalling van elke kandidaat se kunswerke omdat die evaluering by elke skool sal plaasvind. Jy sal amptelik in kennis gestel word van die presiese evalueringsdatum.

**<u>Uitstallingsvereistes:</u>**

Stal ? minimum van TWEE beeldhoujaarwerke uit wat gedurende die Graad 12-jaar voltooi is. Die werk moet vergesel wees van EEN jaarwerk-boek, insluitende die voorbereidende werk (navorsing van tekenwerke) wat vir minstens een van hierdie projekte voltooi is. Stal EEN eksamenwerk-stuk, tesame met die navorsingswerkboek wat daarby aansluit, uit.

**DIE JAARWERK-VEREISTES IS VERPLIGTEND EN ALLEENLIK KANDIDATE WAT AAN DIE VEREISTES VOLDOEN, MAG INSKRYF VIR DIE EKSAMEN IN HIERDIE VAK.**
**KANDIDATE WAT NIE DIE JAARWERK INLEWER NIE, SAL NUL VIR HIERDIE GEDEELTE VAN HUL PUNT ONTVANG.**

**PUNTETOEKENNING**

JAARWERK (CASS-PUNT)

| | | |
| --- | --- | --- |
| A. | NAVORSINGSPROJEK (Minimum 1 jaarwerk) | (25) |
| B. | LOKALE TEKENING | (25) |
| C. | TWEE BEELDHOU-JAARWERKE | (100) |

EKSAMEN

| | | |
| --- | --- | --- |
| A. | NAVORSINGSPROJEK EN -ONDERSOEK | (20) |
| B. | MAKETTE EN LOKALE TEKENINGE | (30) |
| C. | FINALE BEELD(E) | (100) |

**TOTAAL: 300**

**1. BEELDHOUKUNS**

Kies enige tipe / metode/ konstruksie om **EEN** van die volgende kategorieë te skep:

- 3-dimensionele soliede beeldhouwerk
- Reliëf-beeldhouwerk
- ’n Kombinasie van soliede en oop vorms
- Installasiekuns
- Vertoonkuns – moet verfilm word en op ’n TV-skerm wat deur die leerder opgestel is beskikbaar wees
- Verskeie stukke wat ’n eenheid vorm

Daar is geen beperkings op medium en grootte nie. Die beelde moet maklik na die eksamen-nasienlokaal vervoer kan word en moet op ’n voetstuk aangebied word.

**2. MARIONETTE**

Skep ’n karakter om by die storie te pas wat jy in die rasionaal verduidelik het.

- Die marionet(te) moet met toutjies beheer word.
- Die voorbereiding moet sowel tekeninge van die karakter as die werking van die marionet(te) bevat.
- Die klere en versiering van die marionet(te) moet in die voorbereiding beplan word.
- Die marionet(te) moet op ’n voetstuk (staander) geplaas word.

Die marionet(te) moet maklik na die eksamen-nasienlokaal vervoer kan word.

b.o.

## 3. KERAMIEK

DIE VOLGENDE MOET GEDOEN WORD:

- Funksionele stukke
- Nie-funksionele stukke

DIE KONSTRUKSIEMETODES MOET DIE VOLGENDE INSLUIT:

Handgevormde stukke
Wielgedraaide stukke

MINSTENS TWEE VERSIERINGSMETODES MOET GEBRUIK WORD.

Enige keramiek-werkstuk moet, ongeag die gekose konstruksiemetode, in ? oond gebak word om duursaamheid te verkry.
Verdere versierings kan na goeddunke deur die kandidaat aangebring word. Daar word geen beperking geplaas op die grootte van die werk nie. Minstens **VYF** items moet as eksamenwerk voorgelê word. Dit sal tot die voordeel van die kandidaat strek, indien die items vir bemarkingsdoeleindes voorgelê word.

**Die Kunsopvoeder moet asseblief die aangehegte vorms volledig invul en Bylae B voor 1 September 2005 stuur aan:**

**DIE EKSAMINATOR: MEV M.C. BOOYSEN**
**BEELDHOUKUNS SG**

**FAKS: [012] 342-1955 (PRETORIA HIGH SCHOOL FOR GIRLS)**

# ADDENDUM A / *BYLAAG A*

This addendum must be cut out, copied, completed, signed and pasted onto the front cover of the Examination Workbook and the Yearwork book.

*Hierdie bylae moet uitgesny, gekopieer, ingevul, onderteken en op die voorblad van die Eksamenwerk-boek en Jaarwerk-boek geplak word.*

Indicate with a cross (x) whether this is the Yearwork book or Examination Workbook.

*Dui met 'n kruis (x) aan of hierdie die Jaarwerk-boek of Eksamenwerk-boek is.*

| | |
|---|---|
| Yearwork book<br>*Jaarwerk-boek* | |
| Examination Workbook<br>*Eksamenwerk-boek* | |

**2005 OPEN EXAMINATION / *2005 OOP EKSAMEN***

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Name of Subject / *Vaknaam* | |
| 2 | Code of Subject / *Vakkode* | |

**Declaration / *Verklaring***

| | |
|---|---|
| This work was done under the supervision of the Art Educator and without the help of anybody else.<br>This is to certify that all work submitted is the original and own work of the candidate. | *Hierdie werk is onder toesig van die Kunsopvoeder, sonder enige hulp van enigiemand anders, gedoen.*<br>*Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingelewer is die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.* |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Examination Number/ *Eksamennommer* | | | | | | | | | | | | |
| Centre Number/ *Sentrumnommer* | | | | | | | | | | | | |
| District / *Distrik* | | | | | | | | | | | | |
| Region / *Streek* | | | | | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Sign / *Teken* | Sign / *Teken* |
| Principal / *Hoof* | | |
| Examination Commissioner / *Eksamenkommissaris* | | |

# ADDENDUM B / BYLAAG B

NB: SEND IN BEFORE OR BY 1 SEPTEMBER 2005
*LW: STUUR IN VOOR OF OP 1 SEPTEMBER 2005*

**NUMBER OF CANDIDATES ENROLLED FOR SCULPTURE SG 605-2/0**
***GETAL KANDIDATE INGESKRYF VIR BEELDHOUKUNS SG 605-2/0***

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION : 2005**
***SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN : 2005***

SCHOOL / *SKOOL*:________________________________________________

DATE / *DATUM*: ________________________________________________

ADDRESS / *ADRES*: ____________________________________________

________________________________________________________________

TEL. NO. / *TEL NR* : ____________________________________________

FAX NO. / *FAKS NR* : ___________________________________________

CENTRE NUMBER / *SENTRUM NOMMER* : _____________________________

ART EDUCATOR / *KUNSOPVOEDER* : ________________________________

**OPEN EXAM 2005: SCULPTURE SG 605-2/0**
***OOP EKSAMEN 2005: BEELDHOUKUNS 605-2/0***

Please note that centre number ______________ has fewer than ten/more than ten candidates enrolled for SCULPTURE SG for the Senior Certificate Examination for 2005.

The exact number of candidates is _______________________ .

*Let asseblief daarop dat sentrumnommer _________________ minder as tien/meer as tien ingeskrewe kandidate het in die vak BEELDHOUKUNS SG vir die Seniorsertifikaat-eksamen van 2005. Die ingeskrewe getal kandidate is: _________ .*

*Die presiese getal kandidate is _____________________ .*

Please send to

The Examiner:
MRS M.C. BOOYSEN **SCULPTURE** SG

*Stuur asseblief aan*

Die Eksaminator:
MEV M.C. BOOYSEN **BEELDHOUKUNS** SG

Fax: (012) 342 1955 [PRETORIA HIGH SCHOOL FOR GIRLS] Faks: (012) 342 1955

# ADDENDUM C(1) / *BYLAAG C(1)*

**DECLARATION BY THE ART EDUCATOR**
**VERKLARING DEUR DIE KUNSOPVOEDER**

WORK SUBMITTED TO THE EXHIBITION VENUE TO BE HANDED TO THE PERSON IN CHARGE OF THE EXAMINATION VENUE.

*WERKE INGELEWER BY DIE UITSTALLOKAAL AAN DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE UITSTALLOKAAL.*

I, the art educator of

______________________________________________________________

centre number _______________ declare that ________________ candidate(s)

completed works (sculptures and workbooks) have been submitted to this exhibition

venue, _________________ , to _____________________ (person in charge) for

evaluation on this ____ day of __________ 2005 for the subject SCULPTURE SG

605-2/0.

*Ek, die kunsopvoeder van ___________________________________________________,*

*sentrumnommer _______________ verklaar hiermee dat _________________________*

*kandidate se voltooide werke (ontwerp en werkboeke) by hierdie uitstallokaal*

*______________________ aan __________________ (persoon in beheer) oorhandig is*

*vir 'n evalueringsuitstalling op hierdie _____ dag van ______________ 2005 vir die vak*

BEELDHOUKUNS SG 605-2/0.

**ART EDUCATOR / KUNSOPVOEDER:** _______________________________________

**EXHIBITION CO-ORDINATOR / UITSTALLINGKOÖRDINEERDER:**

______________________________________________________________________

# ADDENDUM C(2) LIST OF CANDIDATES / *BYLAAG C(2): LYS VAN KANDIDATE*

| NO<br><br>*NR* | CENTRE NO.<br><br>*SENTRUMNO.* | CANDIDATE NO.<br><br>*KANDIDAATNO.* | TOTAL NUMBER OF YEAR WORKBOOKS<br><br>*TOTALE AANTAL JAAR-WERKBOEKE* | TOTAL NUMBER OF EXAMINATION WORKBOOKS<br><br>*TOTALE AANTAL EKSAMENWERKBOEKE* | TOTAL NUMBER OF WORKS HANDED IN FOR EVALUATION<br><br>*AANTAL WERKE INGEHANDIG VIR EVALUERING* | CANDIDATE'S SIGNATURE<br><br>*KANDIDAAT SE HANDTEKENING* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | |
| 2 | | | | | | |
| 3 | | | | | | |
| 4 | | | | | | |
| 5 | | | | | | |
| 6 | | | | | | |
| 7 | | | | | | |
| 8 | | | | | | |
| 9 | | | | | | |
| 10 | | | | | | |
| 11 | | | | | | |
| 12 | | | | | | |
| 13 | | | | | | |
| 14 | | | | | | |
| 15 | | | | | | |
| 16 | | | | | | |
| 17 | | | | | | |
| 18 | | | | | | |
| 19 | | | | | | |
| 20 | | | | | | |

## SUBMISSION PROCEDURES

All schools must ensure that the art educator adheres to the following guidelines with regard to the handing in of practical work(s):

- Exam centres will not receive mark sheets for practicals. CASS mark sheets will, however, be distributed to each centre.
- The duly completed CASS mark sheet together with all the related practical pieces of work, (Workbooks, Yearbooks, Final Artworks) must be handed over to the school's Senior Certificate Exam officer by no later than 16 September 2005.
- Attendance registers will also be sent to schools for all ART II subjects. Registers, duly completed, must be submitted with the completed CASS mark.
- The marking schedule/roster for all Art II subjects will be sent to schools in August 2005.

## INHANDIGINGSPROSEDURES

Alle skole moet seker maak dat die Kunsopvoeder die volgende riglyne vir die inhandiging van alle praktiese werk(e) nakom:

- Die puntestate vir die praktiese werk sal nie na die eksamensentrums gestuur word nie. CASS-puntestate sal egter na elke sentrum gestuur word.
- Die CASS-puntestaat moet behoorlik voltooi word en saam met al die betrokke praktiese werkstukke (werkboeke, jaarboeke, finale kunswerke) by die skool se Seniorsertifikaat-beampte ingehandig word nie later nie as 16 September 2005.
- Bywoningsregisters sal ook na skole gestuur word vir al die KUNS II – vakke. Registers, behoorlik en betyds voltooi, moet saam met die voltooide CASS-punt ingehandig word.
- Die nasienrooster vir alle KUNS II – vakke sal in Augustus 2005 aan skole gestuur word.

**END/*EINDE***